higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT

OPENBARE SKAKELWESE N6

19 November 2019

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.

Kopiereg voorbehou

VRAAG 1

1.1 1.1.1
- Die 2017 Macufe-fees het vanaf 29 September tot 8 Oktober 2017 plaasgevind.
- Die Macufe-fees het sy 20ste bestaan in Oktober 2017 gevier. (2)

1.1.2
- Om Mangaung/Vrystaat die geleentheid van eenheid te bied
- Om die Mangaung kulturele erfenisfees te vier
- Om toerisme in die provinsie te bevorder
- Om die talente van jong en opkomende kunstenaars ten toon te stel
- Om 'n geleentheid vir sosialisering te bied en kohesie te bevorder
- Om ekonomiese groei te bevorder
- Vir bemarkingsdoeleindes (Enige 3 × 1) (3)

1.1.3
- Borge
- Besighede
- Mangaung Metro Munisipaliteit
- Kunstenaars/musikante
- Publiek (Enige 3 × 1) (3)

1.1.4 Re Ya Tshola (2)

1.1.5
- Voorbereiding van die venue
- Opstel van toerusting
- Drukwerk
- Verversings
- Nooi gassprekers
- Organiseer kunstenaars
- Kry borge
- Publisiteit en advertering (Enige 4 × 1) (4)

1.1.6
- Betaling van kunstenaars
- Druk programme, uitnodigings ens.
- Gassprekers
- Verversings
- Skoonmakers en werkers (4)

1.1.7
- Mediadekking
- Publisiteit
- Bywoning
- Vraelyste (Enige 2 × 1) (2)

1.2 1.2.1

- Eenheid tussen die Mangaung-inwoners/mense van gemeenskappe en ander provinsies
- Het die ryk kulturele erfenis gevier
- Het toerisme in die provinsie bevorder
- Sosiale kohesie
- Bemarkingsmedia
- Ekonomiese groei
- Het talente van jong en opkomende kunstenaars ten toon gestel
- Het gunstige media belangstelling gegenereer
- Het beter verhoudings met teikenmarkte, sakegenote en die pers bevorder
- Het personeelverhoudings en die moraal onder verskillende organisasies verbeter
- Het belangstelling in die gemeenskap gedemonstreer
- Het sosiale verantwoordelikheid ondersteun
- 'n Korporatiewe beeld verbeter
- Bewustheid van die handelsmerke geskep
- Promosieveldtogte (Enige 5 × 2) (10)

1.2.2

- Sport
- Kuns en kultuur
- Publikasies en advertering
- Opleiding en onderwys
- Handelskoue en uitstallings
- Verdienstelike sake en liefdadigheid
- Professionele toekennings
- Ekspedisies
- Omgewingsbewaring
- Sosiale media (Enige 5 × 1) (5)

1.2.3

- Openbare uitstallings en skoue
  Gespesialiseerde uitstallings en vermaak wat 'n spesifieke en algemene groepe teiken

- Privaat uitstallings
  Dit word gewoonlik by 'n organisasie se eie of gehuurde perseel gehou en uitsluitlik gereserveer vir genooide gaste. Mobiele en permanente uitstallings kan ingesluit word, byvoorbeeld kunsversamelings, werk deur plaaslike kunstenaars, ens.

- Mobiele uitstallings
  Dit kan van plek tot plek per pad, spoor, see of lug verskuif word. Die opsies sluit in busse, trein en vlottende uitstallings, byvoorbeeld handelskepe.

- Vervoerbare uitstallings
  - Ontwerp en gebou sodat hulle uitmekaar gehaal en na verskeie plekke vervoer kan word.
  - Werkende modelle, panele, biblioteke, winkelvensters ens.

- Permanente uitstallings
  – Is permanent op die organisasie se perseel geleë.
  – Dit is ideaal vir organisasies wat groepe besoekers op 'n gereelde basis ontvang.
  – Uitstallings vorm deel van dekor en kan in glasvensters geplaas word en kan modelle insluit.

- Gespesialiseerde uitstallings
  – Fokus op spesifieke belangstellings soos huisdekor, gesondheid, mode, sport, ontspanning, reis of toerisme, byvoorbeeld 'n toerisme-uitstalling kan by 'n toerisme-konferensie gehou word.

- Handelskoue
  – Dit is gespesialiseerde uitstallings, maar kan gehou word om handelsbande en direkte markte te ontwikkel.
  – Handelskoue word deur maatskappye gebruik om besigheidskontak met teikengroepe soos plaaslike en internasionale sakemense te maak.

(1 punt wanneer uitstalling genoem is; 1 punt vir verduideliking)
(Enige 5 × 2) (10)

1.2.4
- Maatskappy-werknemerverantwoordelikheid, byvoorbeeld opleiding, werkskepping
- Sosioëkonomiese hulp, byvoorbeeld opleiding, werkskepping
- Etiese en regsnakoming in 'n gemeenskap, byvoorbeeld behuising
- Gemeenskapsbehoefes, byvoorbeeld wesies en kwesbare kinders
- Omgewingsbewaring, byvoorbeeld herwinningsinsette en pogings om diere te beskerm (5)

[50]

VRAAG 2

2.1
2.1.1 sonder om enige iets terug te verwag
2.1.2 gestandaardiseerde
2.1.3 litografies
2.1.4 indirek en vertraag
2.1.5 moet eerste besluit word
(5 × 2) (10)

2.2
2.2.1 Oudiovisuele media
2.2.2 Oudiovisuele media
2.2.3 Spesiale geleenthede
2.2.4 Buitenshuise media
2.2.5 Elektroniese media
(5 × 2) (10)

2.3

- OOGMERK VAN DIE AKTIWITEIT
  Die oogmerk van die aktiwiteit sal bepaal watter tipe media gebruik gaan word. 'n Onderwysinstelling wat nuwe kursusse wil bekendstel, kan brosjures, pamflette en die streekskoerant gebruik.

- TEIKENGROEPE
  Die teikengroepe moet bepaal word om te verhoed dat tyd en geld gemors word.

- TIPE BOODSKAP
  Die tipe boodskap moet gekies word sodat die beplande teikengroepe daarmee sal assosieer en die inligting sal verstaan.

- AARD VAN PRODUKTE OF DIENSTE
  'n Plaaslike onderwysinstelling kan byvoorbeeld gebeure in die plaaslike koerante publiseer, studiekursusse in die streekskoerante adverteer en jaarlikse loopbaanuitstallings vir die streek organiseer.

- KWALITEIT VAN DIE MEDIA
  As die organisasie hoë-gehalte kliënte wil bereik, sal 'n vooraanstaande glanstydskrif meer geskik wees as 'n goedkoop pamflet in die pos.

- BESKIKBARE BEGROTING
  Die begroting sal bepaal of die organisasie dit byvoorbeeld kan bekostig om oor die radio eerder as televisie te adverteer of plaaslike koerante in plaas van nasionale koerante. (Enige 5 × 2) (10)

2.4

- Drukmetode✓ (byvoorbeeld litografie)✓
- Papiergehalte✓ (byvoorbeeld 80 g patroonpapier)✓
- Bladsy grootte en getalle✓ (byvoorbeeld A4-grootte × 100 bladsye)✓
- Lettergroottes en lettertipes✓ (byvoorbeeld 12 punt en per 100 bykomend)✓
- Frekwensie en datums van publikasie✓ (byvoorbeeld daagliks/weekliks/eenmalig of herdrukke)✓
- Kleur/e verlang op bladsye✓ (byvoorbeeld een, twee, drie) ✓
- Bindwerk✓ (byvoorbeeld saalhegting/gestik) ✓
- Voorbereiding van illustrasies, kunswerk en/of foto's✓✓
- Invoegsels in die publikasie✓ (pamflette, advertensies) ✓
- Waar, hoe en wanneer die drukwerk afgelewer moet word✓✓
- Verpakkingsmetode✓ (omhulling, bokse, oortreksels benodig) ✓
- Voorgestelde tydrooster vir verskaffing van die kopie en opmaak vir publikasie✓✓ (Enige 5 × 2) (10)

2.5
- Doelwit✓ sal die tipe venue bepaal✓
- Ligging✓ – oorweeg aantreklikhede en ontspanningsfasiliteite of spanbou✓
- Grootte van venue✓ – is dit groot genoeg om voorsiening te maak vir die verwagte getal afgevaardigdes?✓
- Sitplekke✓ – kies geskikte eetstyl✓
- Vergadering✓ – areas word benodig vir registrasie, werkwinkelsessies ✓
- Duur✓ van die geleenthede kan koste-implikasie hê ✓
- Akkommodasie✓ – moet geskik wees vir kursusgangers✓
- Toeganklik✓ – naby aan lughawe en vervoerfasiliteite✓
- Toerusting✓ – beskikbaarheid – oudio, visueel, lugreëling, mikrofone ens.✓
- Geskikte spyseniering✓ – drank- en toiletfasiliteite moet alle kursusgangers akkommodeer✓ (Enige 5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 3

3.1 3.1.1 Groot, vetgedrukte, hoofletters word met wisselende font groottes gebruik

3.1.2 Verskaf details vir die advertensie
- Nuwe huise te koop
- Drie slaapkamers – 60 vierkante meter
- Ons doen meer vir jou
- Prys (Enige 2 × 1)

3.1.3 Voldoen aan kliënte se behoeftes:
- Naby Krugersdorp SBD
- Naby MM Mall
- Naby TBOO-kollege
- Omring deur verskeie hoërskole en kleuterskole (Enige 2 × 1)

3.1.4 Voordele:
- Naby Krugersdorp CBD
- Naby MM Mall
- Naby TBOO-kollege
- Omring deur verskeie hoërskole en kleuterskole (Enige 2 × 1)

3.1.5
- Kontaknommer en name verskaf
- Werksure ook verskaf

3.1.6 Waarborge
- Ons doen meer vir jou

(6 × 2) (12)

3.2
- Berei voor vir 'n krisis vóór die gebeurtenis.
- Ontwikkel en gee aandag aan jou bondgenote vóór en tydens 'n krisis.
- Wees altyd eerlik.
- Tree vinnig, beslissend op en neem beheer.
- Moenie die blaam deflekteer.
- Maak langtermyn opofferings.
- Handhaaf neutrale, ingeligte en gerespekteerde menings.
- Wees konsekwent in alle aksies.
- Wees proaktief tydens 'n krisis.
- Toon verbintenis. (10)

3.3
- Dit is altyd onverwags.
- Dit kan die voortgesette bestaan van 'n organisasie bedreig.
- Dit kan teen 'n toenemende koers van verwoesting ontwikkel.
- Dit kan 'n verwoestende uitwerking op 'n maatskappy se finansiële reserwes hê.
- 'n Krisis moet so gou as moontlik onder beheer gebring word deur gesonde bestuursvaardighede toe te pas en 'n krisisplan uit te voer. (5 × 2) (10)

3.4
- Om fondse in te samel, behels om te smeek.
- Laat die regering dit finansier.
- Fondsinsameling het 'n versadigingspunt bereik.
- Jy kan 'n skenker te veel kere vra.
- Almal sal R50 gee.
- Groot geskenke kan per brief ontvang word.
- Jy kan nie iemand vir 'n versoek vra nie.
- Fondsinsameling is net 'n ander besigheid.
- Fondsinsameling moet lae koste of geen koste wees.
- Maar ek gee my tyd! (Enige 8 × 1) (8)

3.5
- Bepaal houdings/menings of verkry data.
- Spaar koste deur op geldige en relevante teikengroepe te konsentreer.
- Toets boodskappe vir kommunikasieplanne vooraf op 'n toetsbasis, vóór 'n hele program geïmplementeer word.
- Vestig tweerigting kommunikasie en kry terugvoer van teikengroepe om doeltreffende boodskappe te help formuleer en kies die beste geskikte media.
- Bepaal of dit die regte tyd is om 'n spesifieke OS program bekend te stel om voordeel te trek uit huidige openbare belange en sake.
- Identifiseer probleem-areas betyds, vóór hulle ernstige probleme veroorsaak.
- Vestig geloofwaardigheid op topbestuursvlak. As die OS-afdeling geldige bewys kan verskaf om hulle aanbevelings te ondersteun, sal topbestuur meer geneë wees om die projek te ondersteun.
- Wees bewus van huidige sosiale-verantwoordelikheidskwessies en -behoeftes, byvoorbeeld produktoetsing wat 'n negatiewe impak op diere en die omgewing het. (Enige 5 × 2) (10)

[50]

VRAAG 4

4.1
- Glimlag, wees vriendelik
- Wees fatsoenlik.
- Lyk genaakbaar.
- Moenie sit, rook, eet of lees terwyl aan diens is nie.
- Moenie oor besoekers se skouer loer of skielik agter hulle opduik nie.
- Moenie sê: 'Kan ek help?' Sê liewer iets soos: 'Het jy al hierdie unieke produk probeer?'
- Behandel alle besoekers met respek en gee hulle jou onverdeelde aandag.
- Die stalletjie moet netjies en skoon wees.
- Teken besoeker se besonderhede aan vir opvolgdoeleindes.
- Kyk hoe lyk die mededingers se stalletjies.
- Gee besoekers 'n kort vraelys en gebruik die terugvoer vir toekomstige verbeterings. (Enige 5 × 2) (10)

4.2
- Die leser is die teiken van die gekose ontwerp.
- Ontwerp is 'n saak van persoonlike smaak, algemene kunsbeginsels, harmonie, balans en kontras.
- Sekere elemente van die ontwerp moet konsekwent toegepas word om stabiliteit en kontinuïteit te verseker.
- Die kunsaspek moenie oordoen word nie aangesien die leser net daarna sal kyk en nie die inligting lees nie.
- 'A picture tells a thousand words' is 'n integrerende deel van die ontwerp.
- Verander die ontwerp van die publikasie periodiek. (Enige 5 × 2) (10)

4.3 4.3.1 Besighede kan aan hulle plaaslike gemeenskap teruggee deur gemeenskapsprojekte soos om skole te bou, beurse ens.

4.3.2 Hulle kan hulle gemeenskappe ondersteun deur behuisingsprojekte te finansier. Talle brande het lewens en huise in informele nedersettings verwoes en besighede kan huise vir sulke gemeenskappe bou.

4.3.3 Maatskappye soos Ou Mutual het Vigs-voorkomings- en ander gesondheidsprogramme vir teikengroepe.

4.3.4 ABSA borg die ABSA Atelier Kunskompetisie wat 'n platform vir ontluikende kunstenaars bied.

4.3.5 Die Mazda Wildlewe-fonds het sedert 1990 meer as 26 miljoen in die fonds belê, vir verskeie projekte wat kritiek is vir die oorlewing van ons planeet.

(5 × 2) (10)

4.4
- Voorbereiding
- Professionalisme
- Passie
- Trots
- Krag
- Stiptelikheid
- Positiewe houding (Enige 5 × 2) (10)

4.5
- Koerante het beperkte spasie en wil nuus van leser hê.
- Joernaliste het altyd beperkte tyd vanweë spertye.
- Verskaf die nodige bondige feite. Te veel detail is onnodig en word selde gepubliseer vanweë die gebrek aan spasie.
- Persverklaring moenie langer as 300 woorde wees nie.
- Reik net persverklarings van konferensies uit wat hulle verlang.
- Wees altyd eerlik.
- Moet 'n joernalis nooit iets vertrouliks vertel nie. (Enige 5 × 2) (10)

[50]

TOTAAL: 200

Kopiereg voorbehou